


## Wanneer jou lewe in duie stort



---

### SABBATMIDDAG

#### Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

die volgende gedeeltes uit Jesaja – hfst. 7:1-9, hfst. 7:10-13 en hfst. 7:14.

#### Geheueteks:

“As julle My nie wil vertrou nie, sal julle nie staande bly nie” (*Jesaja 7:9, NLV*).

**E**en Sabbat kom Connie en Roy by die huis aan, na kerk. Toe hulle intrek, vlieg ’n bantamhen verskrik oor die werf voor hulle verby. Êrens is daar groot fout! Connie-hulle se troetelvoëls was veronderstel om in hul hok te wees waar niks hulle kon seermaak nie. Duidelik het dié een uitgekom. Maar hoe dan? Hulle stel dadelik ondersoek in. Die paartjie besef toe dat ’n tragedie hom sopas daar afgespeel het. Die buurman se hondjie, Beethoven, het ontsnap en staan by die dammetjie met arme Daisy in haar bek. Daisy was ’n pragtige lêhoender met donsige wit stertvere. Connie gryp dadelik vir Daisy, maar dit was reeds te laat. Haar kosbare troetelhen het net daar, met sy verminkte nek, in Connie se arms gevrek. Sy gaan sit sommer plat op die grond met die dooie voël, en huil hartstoglik.

Dit het een van die ander troeteldiere vreeslik ontstig. ’n Baie lang wit eend, Waddlesworth, het gesien hoe Connie die dooie Daisy vashou, en het waarskynlik gemeen dat Connie die doodskuld dra van Daisy. So het Waddlesworth toe in die daaropvolgende paar weke gereeld vir Connie bevlieg, en haar met mag en mening gebyt. Dit was vreeslik seer omdat die eend se snawel baie sterk is. Soms is dit moeilik om uit te werk wie vriend en wie vyand is! Vandeeweek bekyk ons ’n Judese koning wat dieselfde probleem gehad het. Voorts gaan ons probeer om te verstaan hoekom hy telkens swak i.p.v. goeie keuses gemaak het.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 16 Januarie.*

## Gevaar uit die noorde (*Jes. 7:1-9*)

**Watter verskriklike krisis het koning Agas aan die begin van sy regering rond in die gesig gestaar? 2 Kon. 15:37 en 38, hfst. 16:5 en 6, asook Jes. 7:1 en 2.**

---

Die koninkryke van noordelike Israel (*Efraim*) en Sirië (*Aram*) het saamgespan teen die kleiner Juda in die suide. In daardie stadium was Juda reeds verswak a.g.v. aanvalle deur die Edomiete en die Filistyne, betreklik kort tevore. In die verlede het Juda teen Israel baklei, maar toe sluit Israel en Sirië 'n samewerkingsooreenkoms, een wat 'n onsettende groot bedreiging vir die Judeërs ingehou het. Dit wil voorkom of Israel en Sirië Juda wou dwing om deel van dié koalisie te word, ten einde die geweldige mag van die Assiriese koning Tiglat-Pileser III te breek (*wat in 2 Konings 15:19 "Pul" genoem word*). Laasgenoemde se immergroeiende ryk het 'n groot gevaar vir die koalisie gelede ingehou. So het Israel en Sirië dan hul vete ter syde gestel ten einde 'n groter vyand te beveg – as hulle net Juda kon verower en 'n strooipop op die troon kon kry (*Jes. 7:5 en 6*)! – dan sou hulle al Juda se hulpbronne en mannekrag ter omverwerping van Tiglat-Pileser III kon inspan.

**Wat was Agas se oplossing toe dinge lelik begin skeefloop het? 2 Kon. 16:7-9 en 2 Kron. 28:16.**

---

In plaas daarvan om God as sy enigste bondgenoot te nader, die een wat hom en sy land kan red, probeer Agas om vriendskapsbande met sy vyande se vyand – Tiglat-Pileser III – te smee. Die Assiriese koning was maar te gretig om Agas se versoek toe te staan, naamlik vir die stuur van versterkings sodat hy Sirië en Israel se aanvalle kon afweer. So ontvang Tiglat-Pileser III toe 'n reuse omkoopgeskenk by Agas, en somer ook 'n verskoning om Sirië te beleër, wat hy toe ook oombliklik doen (*2 Kon. 16:9*). Dit is hoe die Siries-Israelitiese alliansie se mag uiteindelik gebreek is. Op die oog af het Agas vir Juda gered, maar dit was net 'n korttermynoplossing. Agas se optrede hier is egter geensins verrassend nie. Hy was een van die swakste konings wat tot op daardie stadium oor Juda geregeer het. (*Lees 2 Kon. 16:3 en 4, asook 2 Kron. 28:2-4.*)

**Wanneer 'n mens lees oor die tipe mens wat Agas was, maak sy ongelowige reaksie op dreigende gevaar meteens sin. Watter les kan die individuele gelowige egter hieruit put? Meen ons ons sal skielik geloof aan die dag begin lê, en skielik op God begin vertrou wanneer die beproewinge uiteindelik hul opwagting maak, en dit sonder om vandag reeds geloof en vertrou te hê? (*Lees Jak. 2:22 en Jer. 12:5.*)**

## Poging tot ingryping (*Jes. 7:3-9*)

Terwyl Agas sy opsies m.b.t. die teëstaan van Israel en Sirië bekyk het, het God iets geweet wat hy nie geweet het nie. Eerstens dat God toegelaat het dat dié Sirië-Israel-krisis ontvou ten einde Agas 'n les te leer en hom tot sy sinne te bring (*2 Kron. 28:5 en 19*). Dit is egter nie al nie. Die feit dat Agas hom in die soeke na militêre hulp tot Tiglat-Pileser III gewend het, blyk die logiese stap, en selfs 'n aanloklike opsie, te wees – maar net vanuit 'n menslike oogpunt. Die Here het egter geweet dat dit die Dawidiese koninkryk van Juda in die mag van 'n buitelandse moondheid sou plaas, 'n oorheersing waarvan die Judeërs nooit sou herstel nie. So het Agas ongelooflik baie op die spel geplaas. So stuur die Here dan vir Jesaja om die koning te keer. (Klaarblyklik het die profeet net mooi daar aangekom toe Agas besig was om Jerusalem se watersituasie ter voorbereiding op 'n moontlike beleg te inspekteer.) Jesaja se opdrag was om die koning te oortuig om af te sien van sy voorgenome bondskap met die Assiriese leier.

**Waarom het die Here vir Jesaja gesê om sy seun Sear-Jasub saam met hom te neem (*Jes. 7:3*)?**

---

Nadat Jesaja die koning gegroet en sy seun voorgestel het, sou Agas skrik by die aanhoor van die seun se naam – omdat dit “'n Oorblyfsel Sal Terugkeer” beteken. Die vraag is net: 'n oorblyfsel van wat of wie? En waarvandaan sal dié oorblyfsel terugkeer? Die feit dat Sear-Jasub se pa 'n profeet was, klink boonop soos 'n voorteken van God af, dat 'n groep mense in ballingskap weggevoer sou word. Of gaan dit eintlik ook 'n terugkeer na God, m.a.w. oor bekering? (Neem in ag dat die werkwoord “om terug te keer” ook op bekering kan dui.) Wat sê die Here dus aan Agas? Wat jý ook al besluit, dit verwesenlik jy, en dit is my boodskap aan jou! Laat staan jou sondige weë of beland in ballingskap, 'n balling waarvan net 'n oorblyfsel sal terugkeer. Besluit jy self!

**Hoe het God se boodskap aan Agas die koning se situasie aangeroe? *Jes. 7:4-9*.**

---

Die Sirië-Israel-bedreiging sou verbygegaan het en die Here sou Juda spaar. Magte en moondhede wat vir Agas na vuurspuwende vulkane gelyk het, was in die oë van die Here niks meer as “twee rokende stukke brandhout” nie (*Jes. 7:4, OAB*). Dit was nie nodig vir Agas om hulp by Assirië te gaan soek nie. As Agas egter reg wou kies, moes hy leer dat 'n mens op die Here moet vertrou en op sy beloftes moet staatmaak. Hy moes geloof aan die dag lê ten einde stand te hou (*Jes. 7:9*). Die oorspronklike Hebreeus wat as “glo” en “standhou” vertaal word, het dieselfde stamwoord. Die begrip waarheid (dit wat betroubaar is) en die woord amen (die bevestiging van dinge wat waar of betroubaar is) word ook daaruit afgelei in die brontaal. Agas moes die geloof behou ten einde stand te hou. Hy moes leer om op die Here staat te maak sodat ander op hom kon staat maak.

## Nog ’n kans (*Jes. 7:10-13*)

Agas het egter nie op Jesaja se oproep tot geloof gereageer nie. Tog was die Here hom genadig, want hy het ’n tweede kans gekry; met God wat hom aansê om vir ’n wonderteken te vra – “enigiets, diep uit die doderyk of uit die hoogtes daarbo” (*Jes. 7:11, NAB*). Agas ontvang dus ’n uitnodiging om sy geloof in God op die proef te stel. Nog nooit in menseheugenis is enigeen so ’n groot kans gegun nie. In teenstelling met loterye en kompetisies is daar geen beperkings hier nie. Die Here het geen bepalings en voorwaardes vir die koning nie. Hy het ook nie by die gebruikelike “ek gee jou die helfte van my koninkryk” gestop, soos die konings van ouds in buitengewone omstandighede gedoen het nie. Nee, dit was nie die afsnypunt van God se vrygewigheid nie (*lees Ester 5:6 en hfst. 7:2, Mark. 6:23*). Die Here was bereid en slaggeerd om die ganse hemel en aarde leeg te maak, en dit sodat ’n bese koning tog net in Hom kon glo! Wanneer dit by die wonderteken kom, kon Agas vir ’n hoop goud so hoog soos ’n berg gevra het, of self vir ’n leër so groot soos die sand van die Middellandse See.

**Let op Agas se reaksie. Hoekom het die koning op dié manier op God se aanbod gereageer (*Jes. 7:12*)?**

---

Met die eerste oogopslag lyk die koning se reaksie soos dié van iemand wat vroom is en respek vir die Here het. Nee, hy gaan nie die Here beproef nie, soos die Israëliete eeue tevore toe hulle nog in die woestyn rondgetrek het nie (*Eks. 17:2, Deut. 6:16*). Neem egter in ag dat die Here hom pertinent versoek het om op die proef gestel te word (*vgl. Mal. 3:10*). Om so getoets te word, sou vir die Here behaaglik wees omdat Agas sodoende hierdie ongelooflike genadegawe sou kon benut. Vir die Here sou dit ’n aanvaarbare toets en nie ’n beproewing gewees het nie. Tog was die koning nie eers bereid om m.b.v. die aangebode wonderteken tot geloof in God te kom nie. Die deur na sy hart was bottoe vir geloof, behoorlik agter slot en grendel.

**Lees Jesaja 7:13. Wat sê Jesaja nou eintlik hier?**

---

Jesaja wys Agas egter daarop dat hy inderwaarheid God beproef het omdat hy Hom nie uiterlik op die proef wou stel nie. Die mees onstellende deel van hierdie vers is die feit dat Jesaja hier in die Engels van “my God” praat. Dit is duidelik in teenstelling met hoofstuk 7:11 in die Engels, waar Jesaja vir die koning aansê om ’n teken van “your God” – d.w.s. van die koning se god te vra. Die Engels dui dus op die volgende: dat Agas met die verwerping van God se wonderteken-aanbod inderwaarheid die Here as sy enigste God verwerp het – m.a.w. dat die Here die God van Jesaja is, maar nie van Agas nie. [Hierdie onderskeid is nêrens in die Afrikaans te bespeur nie. Neem in ag dat “die Here jou God” van vers 11 ’n algemene Ou-Testamentiese uitdrukking vir die God van Israel is, en nie na heidense gode verwys nie – Vertaler.]

## Die teken is 'n Seun (*Jes. 7:14*)

Die aangebode wonderteken – “enigiets, diep uit die doderyk of uit die hoogtes daarbo” (*Jes. 7:11, NAB*) – het geen verandering by Agas aangewakker nie. Toe kondig die Here aan dat Hy Self 'n wonderteken sou gee (*vers 14*). Hier is 'n mens iets omvangsryk te wagte, iets so asemrowend dat dit slegs 'n Goddelike oorsprong kon hê (*vgl. Jes. 55:9 en 1 Kor. 2:9*). Dan noem Hy die teken, en 'n mens is totaal verras! Die teken is 'n seun. Maar hoe kan 'n jong vrou wat 'n kind baar en hom Immanuel noem dan 'n wonderteken van Bybelse afmetings wees? Wie is die vrou en wie is haar Kind?

Nêrens in die Ou Testament is daar 'n vervulling van hierdie belangrike teken nie. In dié opsig is dit heeltemal anders as die tekens wat ander Ou-Testamentiese figure soos Gideon (*Rig. 6:36-40*) ontvang het. So, hier is enkele moontlikhede vir 'n Ou-Testamentiese vervulling van hierdie profesie:

1. Die woord “jong vrou” dui op 'n hubare jong vrou, met die gevolg dat baie mense aanneem dat sy 'n getroude vrou van Jerusalem (dalk Jesaja se eie vrou) is. Jesaja 8:3 noem wel die geboorte van 'n seun, wat Jesaja (*volgens die OAB*) by “die profetes” gehad het. (Hier verwys Jesaja na sy vrou wie se profetiese boodskappe basies, in die breedste sin van die woord, uit die baar van profetekinders bestaan het; *vgl. Jes. 7:3 en hfst. 8:18*). Daardie seun het hulle egter Maher-Shalal-Hash-Bas genoem wat “Plunder-en-Roof-is-Naby” beteken (*hfst. 8:1-4, NAB*), en nie Immanuel nie. Nietemin versinnebeeld die twee seuns basies dieselfde gebeure – naamlik dat Sirië en noordelike Israel in hul kleinseuntjiejare (d.w.s. voordat hulle tussen reg en verkeerd kan onderskei) verwoes sou word (*Jes. 7:16 en hfst. 8:4*).

2. Party meen dat Immanuel inderwaarheid Agas se seun en ook sy troonopvolger is, hoewel die naam Immanuel nêrens aan Hiskia gekoppel word nie.

3. Die naam Immanuel is ietwat misterieus. Dit word gewoonlik as “God met ons” vertaal, verwysende na die teenwoordigheid van die Here. Derhalwe is Hy en die spesiale Seun na wie Jesaja in hoofstuk 9 en 11 verwys, moontlik een en dieselfde persoon. Gestel dit is so. Dan moet 'n mens in ag neem dat Jesaja se verhewe beskrywing van dié Seun as iemand wat Goddelik is (*Jes. 9:6*) en wat as “die wortel van Isai” (*hfst. 11:10, OAB*) beskryf word, duidelik die persoon en karakter van koning Hiskia oortref, ongeag hoe vroom laasgenoemde was.

4. 'n Natuurlike geboorte by 'n ongetroude hubare vrou sou 'n buite-egtelike kind beteken, een wat uit sedelose geslagsomgang verwek is (*lees Deut. 22:20, 21*). Hoekom sal die Here nou na so 'n kind as 'n teken verwys, as iemand wat die mens tot geloof aanspoort?

In teenstelling met hierdie Ou-Testamentiese uitlegte identifiseer die Nuwe Testament vir Jesus as Immanuel (*Matt. 1:21-23*), wat op 'n wonderbaarlike en onbevleete wyse in 'n ongetroude dog verloofde maagd verwek is. Jesus is ook die Seun van God (*Jes. 9:6, Matt. 3:17*) en is die “loot” en “wortel” van Isai (*Jes. 11:1 en 10, OAB; Op. 22:16*). Miskien was die eerste “Immanuel” (wie se ontwikkeling die tydigheid van profetiese vervulling aan Agas getoon het) 'n soort voorloper van Christus. Ons het egter nie uitsluitel in dié verband nie. Die dinge wat ons wel weet, is egter voldoende – “Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur” en “Hy is uit 'n vrou gebore” (*Gal. 4:4, NAB*) sodat die teenwoordigheid van God by die mens kon wees.

## “God is Met Ons!” (*Jes. 7:14*)

Die naam van Jesaja se twee kinders (Sear-Jasub wat “’n-Oorblyfsels-Sal-Terugkeer” beteken, en *Maher-Shalal-Hash-Bas* wat “Plunder-en-Roof-is-Naby” beteken). Insgelyks het die naam Immanuel ook ’n betekenis. Dit beteken letterlik “God-Met-Ons.” Met hierdie algemeen aanvaarde vertaling kom die betekenis van die oorspronklike egter nie tot sy volle reg nie. Net soos die ander Hebreeuse name van dié soort (waarvan die werkwoorde ontbreek) moet ’n mens die werkwoord “om te wees” self byvoeg omdat dit nie in Klassieke Hebreeus gebruik word nie. So, Immanuel behoort eintlik as “God is met ons ” vertaal te word (vgl. dieselfde sinsnede in *Jes. 8:10*). Dieselfde geld vir die naam “Jesus” (wat ’n verkorte, Griekse weergawe van die Hebreeuse *Yēhōshúa/Jōshúa* is) wat “Die Here is verlossing” beteken, hier met die werkwoord bygevoeg vir die Afrikaans (vgl. ook die naam Jesaja wat “verlossing van die Here” beteken”). Tog is die naam Immanuel nie net ’n abstraksie of intellektuele konstruk nie. Nee, dit verwoord ’n belofte wat in die hede vervul word – want “God is [inderdaad] met ons!”

### Wat is die volle betekenis van hierdie belofte dat God met ons is?

---

Geen Ou-Testamentiese belofte bied ’n mens soveel versekering en vertroosting soos dié een nie. Hier belowe die Here egter nie dat sy volk geen swaarkry of pyn sou beleef nie, maar wel dat Hy belowe om by hulle te wees. Die psalmdigter sê: “Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig” (*Ps. 23:4, NAB; let ook op die OAB*). “Die Here sê: ‘As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie’ (*Jes. 43:2, NAB*). “Waar was die Here toe die Babiloniërs Daniël se drie vriende in die brandende vuuroond gegooi het? By hulle (*Dan. 3:23-25*). Waar was die Here tydens Jakob se benoudheid toe hy tot dagbreek gestoei het? In Jakob se arms, m.a.w. so naby aan hom as wat Hy kon wees (*Gen. 32:24-30*). “Selfs al verskyn die Here nie in lewende lywe op aarde nie, gaan Hy saam met sy kinders deur die stampe en stote van die lewe. Waar was die Here toe die woedende skare Stefanus ter dood veroordeel het? Die Skrif sê dat Stefanus op daardie oomblik vir Jesus gesien het, ‘wat aan die regterhand van God staan’ (*Hand. 7:55; NAB, klem verskaf*). Daarenteen het Jesus na sy hemelvaart ‘gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel’ (*Heb. 1:3; NAB, klem verskaf*). So, hoekom het God dan gestaan terwyl Stefanus in nood verkeer het, op die punt om gestenig te word? Dit is soos Morris Venden tereg in die Engels sê: ‘Jesus wasn’t going to take that sitting down!’” (Roy Garne, *God’s Faulty Heroes* [Hagerstown, Maryland: Review and Herald Publishing Association, 1996], bl. 66).

**Ons het dus die belofte “God is met ons.” Watter verskil maak dit egter as ons steeds met vreeslike beproewinge en verskriklike lyding te kampe het? Watter nut het die wete dat God wel teenwoordig is dan vir die gelowige?**

## Vir verdere studie:

“‘En hulle sal Hom Emmánuel noem... God met ons’ [OAB]. ‘Die verligting... van die kennis van die heerlikheid van God’ [OAB]. ’n Mens sien dit in die Verlosser omdat daardie lig ‘uit die gesig van Jesus Christus straal’ [NLV]. Van ewigheid af reeds is die Here Jesus Christus een met die Vader, ‘Hy is die Beeld van die on sienlike God’ [OAB], die vergestaltung van sy grootsheid en majesteit, ‘die afskynsel... van sy heerlikheid’ [OAB]. Dit is hoekom Jesus aarde toe gekom het – om hierdie heerlikheid tasbaar te maak. Na hierdie aarde wat in die nag van sonde gehul is, het Christus gekom om die lig van God se liefde te openbaar, om ‘God met ons’ te wees. Dit is hoekom Jesaja dié voorspelling oor Christus gemaak het: ‘Kyk, die maagd sal swanger word en ’n seun baar en hom Immánuel noem’ [OAB]” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 19). “Dit sou beter vir die koninkryk van Juda gewees het as Agas net maar ag wou slaan op die boodskap van God. Ongelukkig kies hy toe om op die mens staat te maak en hulp by heidene te gaan vra. Uit desperaatheid stuur hy ’n boodskap aan Tiglat-Pileser III, die koning van Assirië: ‘Ek is u dienaar en u seun; kom op en verlos my uit die hand van die koning van Aram en uit die hand van die koning van Israel wat teen my optree’ (2 Kon. 16:7). Daarmee saam stuur hy ’n klein fortuintjie as present, [goud en silwer], deels uit die koninklike skatkis en deels uit dié van die tempel” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 329).

## Vrae vir bespreking:

1. Is dit reg om ’n teken van die Here te vra wanneer mens ’n besluit moet neem? Watter gevare kan so ’n versoek soms inhou?
2. Dit is goed om ander se hulp te ontvang. Wanneer word die gebruik van menslike hulp egter sonde?
3. Die beroemde Russiese skrywer, Leo Tolstoy, het eenmaal die volgende aan ’n vriend geskryf: “Sodra ’n mens besef dat die dood die einde van alles is, is daar ook niks erger as die lewe nie.” Wat is die gelowige se argument teen so ’n stelling, veral met die wete dat “God met ons” is?

**Opsomming:** God het die ongelowige Agas in ’n posisie geplaas waarin hy noodgedwonge ’n belangrike besluit moes neem: om in Hom te glo of nie in Hom te glo nie. Dít was die groot vraagstuk waarvoor die koning te staan gekom het. Hoewel die Here Hom toe die voorreg skenk om vir enige wonderteken denkbaar te vra, weier Agas ’n demonstrasie van Bo om te wys waarom hy in God behoort te glo. In sy soeke na ’n bondgenoot kies Agas die koning van Assirië eerder as die lewende God.